

### **Sing vooraf staande: Psalm 25:3 (p. 116)**

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriend'like<sup>oë</sup> / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!
- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;  
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.  
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;  
wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Lofpsalm 145:1, 12 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Geloofsbelijdenis: Apostolicum

*Na die wet antwoord ons die Here daarop met Psalm 43:3 (p. 220) waar ons Hom smeek om ons uit die hemel te help om na Hom toe te kan lewe.*

Wet

### **Psalm 43:3 (p 220)**

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

### **Psalm 43:4 (p. 221)**

- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde<sup>en</sup> lied;  
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –  
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n ewige vreugde bied.

Skriflesing: Psalm 27

Teks: Psalm 27:4

**Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. (Psalm 27:4 AFR1953).**

Hierdie psalm beskryf die deining van ons gevoel en die ontroeringe wat ons deurmaak: Jubel en smeking lê dikwels vlak langs mekaar.

- Alle mense maak emosies van wisselende aard deur.
- Dink maar net aan die man wat met trane uitgeroep het:  
**Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!** (Markus 9:24 AFR53)

Hoor u die kontras? Hy bely dat hy glo, maar tog smeeek hy vir hulp om te kan glo!

Hierdie psalm is deur Dawid gedig toe hy die eerste keer die troon as koning bestyg het. Let op na die kontraste:

- Hy begin 'n nuwe lewe – hy is gesalf as heerser. In die psalm juig sy geloof en jammer sy swak hulpeloosheid.
- Ons hoor die uitdaging in sy aanbidding en ons hoor hoe angs hom beklem.
- Net so is ons by die wenteling van ons lewe – elke keer wanneer daar 'n verandering kom wat ons laat verstaan dat die pad vir ons na die troon van God toe korter word!

Die kernboodskap van vers 1 tot 3 is dat vir die gelowige alle vrees uitgesluit word! Selfs die ergste omstandighede kan ons nie laat vrees nie, want die HERE is ons God.

Die digter sê baie duidelik wat die rede vir sy stelling is:

**Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?** (Psalm 27:1 AFR1953)

Dit beteken dat die HERE vir hom 'n vesting is waar sy lewe veilig is.

- By die Here is daar dus vir elke gelowige beskerming wanneer die grootste vyand van alle vyande op ons afstorm – die dood.
- Dis waarom dieselfde HERE ons na sy Nagmaaltafel toe roep: Hy wil ons elkeen persoonlik verseker van sy beskerming.
- Die HERE het nie net vir Dawid beskerm nie – die HERE beskerm ook nog steeds ons lewe.

Ons weet uit die Here se openbaring in die Nuwe Testament dat die HERE ewige lewe aan ons skenk in Jesus Christus, omdat Hy vir ons die dood beheers (Hy het sy lewe afgelê) en oorwin het.

Aan die Nagmaaltafel verseker die Here Jesus ons van die vrugte van sy dood vir ons:

- Hy verseker ons deur die tekens van brood en wyn dat Hy aan ons die ewige lewe gee – 'n ewige lewe wat ons liggaam en ons siel insluit.
- Die Here Jesus verseker ons van die volkome versoening wat Hy vir ons gee en dat Hy in sy ewige koninkryk vir ons plek gereedmaak om ons by Hom te ontvang – dit is in sy ewige koninkryk waar ons by Hom op 'n nuwe aarde sal woon.

Wat is die hooftema van hierdie psalm, met ander woorde, wat is die betekenis daarvan vir ons vandag? Hierdie psalm is 'n lied van geloof.

**o, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie...** (Psalm 27:13 AFR1953)

- Geloof maak nie dat ons nie hartseer het nie en dat ons ook nooit onseker raak nie. Dit maak ook nie dat ons nooit in die sonde struikel nie. Ons kom al die dinge oor.
- Daarom is dit noodwendig dat geloof ook gewortel is in die dieptes van ons smeekgebede.
- Ons hoor dit in hierdie psalm:

**Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!** (Psalm 27:9 AFR1953)

In vers 4 openbaar die Here dat God se hulp nooit 'n vanselfsprekendheid is nie.

- Die Here verwag van ons om ons hele lewe lank aktief te soek na omgang met Hom.

**Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.** (Psalm 27:4 AFR1953)

Vers 7 en vers 12 maak dit duidelik dat ons God se hulp alleen kan verwag wanneer ons diep in die gebed smeek.

- Dis terselfdertyd 'n belydenis dat as ons aan onself oorgelaat sou word, ons in barre hulpeloosheid sou wegsypel.

**Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my.** (Psalm 27:7 AFR1953)

Die Heilige Gees openbaar verder dat ons veiligheid ook gevind word in ons verkeer met God in sy heiligdom. Daarom is ons hier saam vandag – en ons saamwees is ook weer op sy beurt 'n voorspel van ons saamwees met God en met mekaar in die ewigheid:

**Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.** (Psalm 27:4 AFR1953)

Kyk na die kernbegrippe van hierdie sin:

- Ek begeer.
- Ek soek.
- Ek wil in die HERE se huis woon.
- Ek wil die lieflikheid van die HERE sien.
- Ek wil die lieflikheid van die HERE in sy tempel ondersoek.

Die digter se oorheersende begeerte om in God se heiligdom te wees, span verder as net hierdie lewe:

- Hy sien homself daarin reeds in die ewigheid van God se woning/koninkryk.
- Daar is ons in gemeenskap met God en ontvang ons sy troos en sy seën.
- By uitnemendheid verseker die Here ons vandag weer daarvan aan hierdie Nagmaaltafel!

Daar was al ander gelowiges wat ook so 'n pad voor ons uit geleef het. U onthou mos Paulus se woorde:

**Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. (Filippense 3:8-11 AFR1953)**

Toe Psalm 27 in die Ou-Testamentiese tyd gebruik is met die troonsbestyging van die koning, was daar na vers 6 eers 'n onderbreking.

- Die psalm is voorgedra tot by dié woorde:

**En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE. (Psalm 27:6 AFR1953).**

- Dan is die brandoffer eers aan die brand gestee.
- Wanneer die offers aan die brand gestee is, het die volk trompette geblaas en met koorsange die Here toegejuig.

Dit is 'n weerspieëling van wat in die hemel gebeur wanneer die engele – en uiteindelik ons ook saam – die Here loof en prys en sy grootheid verheerlik.

Ons lees van hierdie ou gebruik by die volk reeds in Numeri 10:10.

**Op die dag as julle vrolik is, sowel as op julle feestye en by die begin van julle maande moet julle by jul brandoffers en by jul dankoffers op die trompette blaas: hulle sal dien om julle in gedagtenis te bring voor die aangesig van julle God. Ek is die HERE julle God. (Numeri 10:10 AFR53)**

Wat natuurlik baie kontrasterend is, is dat die offer op die aarde met 'n gejubel en gejuig van blydschap gebring word.

- Die blydschap is omdat ons as versoendes mag offer en in God se heiligdom ingaan.
- So kom ek met 'n gejubel in my hart, omdat ek weet dat ek by my Here vryspraak en versoening gaan hoor!
- Ons blydschap is soos dié van hemelkore omdat ons ware versoening deur die ware Brandoffer ontvang in God se vriendelikheid.

*Dis net merkwaardig dat vuur wat lig gee en wat die teken is van God se suiwering, op die dag van die versoening deur Jesus Christus, heeltemal gewyk het. Dis waar dat die vuur van God se toorn geestelik op Hom neergebrand het, maar dit het van die sesde tot die negende uur toe oorgegaan in letterlike duisternis.*

Terug by Psalm 27 begin die koning nou die troon bestyg. Dit doen hy terwyl hy bid en smeek.

**Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my (Psalm 27:7 AFR1953).**

Ons bid soos hy vir genade en ons smeeek dat die Here ons moet antwoord.

- Die antwoord van die Here is dat Hy ons in sy koninkryk ontvang.
- Baie prakties dat ons in die ewige lewe by Hom ontvang mag word wanneer ons hier uitgelewe is.

Die vervulling van hierdie woorde lê in die feit dat die Here Jesus na sy hemelvaart inderdaad as die ewige Koning sy Goddelike troon bestyg het.

- Dis daarvandaan dat Hy ons vandag antwoord dat Hy ons inderdaad verhoor en genadig is!
- Ons gaan die tekens van sy genade eet en drink!

Ons is aangewys op onverdiende genade wat ons van God af ontvang! Daarom soek die digter die aangesig van God!

**Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE!** (Psalm 27:8 AFR1953)

Uiteraard staan dit hier met 'n dubbele betekenis:

- Tydens ons aardse lewe soek ons die Here op in ons gebede en in ons aanbidding.
- Maar terselfdertyd lê daar in hierdie woorde die hoop en die werklikheid dat ons in die ewigheid ook die Here se nabyheid sal ervaar en sy vriendelike gesig op ons sal sien neerkyk.
- So gesien word die troonsbestyging van die aardse koning ook die simbool van ons toetrede tot die ewige koninkryk van God.

Die vervulling van hierdie psalm lê natuurlik in die heel eerste plek in die troonsbestyging van ons Koning Jesus Christus.

- Sy toetrede tot die ewige troon het deur die pad van die kruisdood geloop – waar Hy nie genade ontvang het nie, want Hy het dit uitgeroep dat God Hom verlaat het!
- Dit het die pad geloop dat Hy die vorige nag gebid het dat die beker tog by Hom moet verbygaan as God dit wil – wat God nie wou nie.
- 'n Verdere deel daarvan was die opstanding uit die dood en sy hemelvaart.

Dit is waarom die digter van Psalm 27 kon uitroep :

**o, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie...** (Psalm 27:13 AFR1953).

Lewe word meteens meer as net ons polsslag en asemhaal – dit word die ewige lewe. Dit word die lewe in die koninkryk van God.

- Die woorde druk ook die hoop wat ons in die Here Jesus het uit:
  - Die hoop op vergifnis van ons sondes en dat God ons onmeetlik liefhet;
  - op die opstanding uit die dood; en
  - op die ewige lewe.

Ons soek en aanbid die Here ons hele lewe lank.

- Nou versterk die Here ons aan sy tafel sodat ons geloof sy krag en vitaliteit kan behou: God bevestig volkome versoening aan ons.
- Die Here Jesus stel ons hier aan sy tafel voor die aangesig van God – 'n aangesig van genade, liefde en vergifnis van al ons sondes.

Nou bly die laaste vers ons aansporing, want ons het nog nie die pad enduit geloop nie:

**Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!**  
(Psalm 27:14 AFR1953).

Ons wag op die Here – ons verwag die Here Jesus op die wolke. Aanstons is ons ook in die ewige koninkryk van God saam met ons Here Jesus wat ons voorgegaan het.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 90:9 (p. 456)

9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!  
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:  
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

***Op hierdie punt neem Ds Coen Vrey die beheer van die erediens oor. Hy gaan voort met die formulier en die bediening van die Heilige Nagmaal.***

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 28 Augustus 2011 (Losmakingsdiens tydens Nagmaal)